Swellendam

Ons vierde oudste dorp

—deur Peter Hammond

Swellendam is die vierde oudste dorp in Suid-Afrika. Die distrik en dorp is na die destydse goewerneur van die Kaap, Hendrik Swellengrebel en sy vrou, Helena ten Damme, genoem. Swellendam is in 1745 deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) gestig om na die belange van die boere om te sien wat aan die begin van die 18de eeu oor die Hottentotshollandberge gemigreer het.

'n Landdros is aangewys en 'n drosdy gebou om die hof te huisves en ook verblyf aan die magistraat (landdros), wat 'n groot verskeidenheid magte en verantwoordelikhede vir die area gehad het, te verskaf.

Buitepos

Ongeveer 250 km vanaf Kaapstad geleë, was Swellendam baie dekades lank die laaste buitepos van beskawing op die Oosgrens. Die dorp was onmisbaar vir die reisigers en ontdekkers wat Swellendam as die wegspringplek en poort na die binneland gebruik het.

Van die beroemdste reisigers wat Swellendam besoek het, sluit Francois Le Valliant (1781), lady Anne Barnard (1798), William Johan Burchell (1815), en Thomas William Bowler (1860) in.

Die Drosdy

Die oorspronklike drosdy is in 1746 deur die VOC gebou. In 1846 het die koloniale regering die drosdy verkoop en dit het tot 1939 in privaatbesit gebly, toe dit deur die staat aangekoop en tot 'n museum ontwikkel is. In Oktober 1943 is die Drosdymuseum amptelik geopen en binne 'n paar jaar is die ou tronk, die watermeule en ander historiese geboue tot die historiese kompleks bygevoeg wat nou 'n belangrike toeristebesienswaardigheid is. »

Swellendam was baie dekades lank die laaste buitepos van beskawing op die Oosgrens. Die dorp was onmisbaar vir die reisigers en ontdekkers.



Swellendam
Ons vierde oudste dorp

Die Swellendam Drosdy-museumnetwerk sluit in: Mayville, wat die huishoudelike middelklaslewe van die laat 19de eeu uitbeeld, Zanddrift, 'n 18de eeuse plaashuis, waenhuis en talle plaasgeboue – almal op 6,9 hektaar geleë omring deur tuine, uitgelê volgens die style wat gedurende die 19de eeu in die Kaap gewild was.

Stigtersfamilies

Van die bekendste families wat hulle in die Swellendam-distrik gevestig het, is die Barrys, Moodies, Steyns, Streichers, Van Eedens, Rothmanns, Tomlinsons en die Dunns.

Daar is talle staproetes in die Langeberg. Die Breederivier is een van die min bevaarbare riviere in die land en is gewild vir riviersport en vlotry.

Republiek van Swellendam

Op 17 Junie 1795 het Swellendam-burgers teen die VOC in opstand gekom en hulleself as die Republiek van Swellendam verklaar. Hermanus Steyn was die eerste persoon wat tot 'n president in Suid-Afrika verkies is.

Tolhekke en belastings

Toe die VOC tolhekke en belastings instel, het dit groot ontevredenheid onder die boere tot gevolg gehad – hulle was reeds teleurgesteld oor die onvoldoende beskerming wat hulle op afgesonderde plase teen veediefstal en buitery van die Xhosa-roofbendes ontvang het. Die tolhekke en belastings het die wanbestuur van die VOC, wat vryemarkhandel onderdruk en prysbeheermaatreëls ingestel het, bloot vererger.

Die VOC se ekonomiese beleid het privaatondernemings meedoënloos onderdruk. Hulle het alleenreg op handel besit en het opbrengs van die boere aangekoop teen pryse wat deur die VOC vasgestel is. Boere was verplig om al hulle voorrade van die VOC aan te koop en die pryse van goedere het voortdurend gestyg. Belasting was buitensporig, amptenare korrup. Die sluiting van die graanskuur by Mosselbaai, het die boere verder die harnas ingejaag. Boere in Swellendam-omgewing het 'n direkte versoek tot die state-generaal in Nederland gerig om die beheer van die kolonie van die VOC weg te neem.

Kommando's

Vanaf 1778 het 'n bitter stryd op die Oosgrens ontwikkel, waar die trekboere met die Xhosa in kontak gekom het. Die Boere het onderling burgerkommando's georganiseer om gesteelde vee terug te kry. Die VOC-garnisoen het egter geen beskerming aan die kwesbare boere op die grens gebied nie.

Rebellie

Op 17 Junie 1795 het nege boere by die Drosdy opgedaag en die heemraad beveel om die gebou te verlaat. 'n Vergadering van burgers is byeengeroep en Swellendam is as 'n onafhanklike republiek verklaar met Hermanus Steyn as die verkose president.

Die Amerikaanse Vryheidsoorlog (1776 – 1783) en die Franse Revolusie (1789) kon moontlik die stigting van die Swellendam Republiek aangevuur het. Die boere was egter nie revolusionêr nie en wou vryehandel en die oppergesag van die reg vestig.

President van Swellendam

Hermanus Steyn is op Swellendam deur die vergaderde burgers tot president verkies omdat hy as 'n "standvastige, eerlike en betroubare" persoon beskou is; " 'n stil man, waardig en hoflik." Nadat die republiek ontbind is en Swellendam weer by die Kaapkolonie ingelyf is, het hy op die heemraad onder landdros Faure gedien. Een van sy seuns het aan die Groot Trek deelgeneem.

Inval

Die Britte het die Kaap in November 1795 ingeneem. Die nuwe Britse regering het gepoog om die mense van Swellendam te kalmeer deur die gehate tolgeld en belastings af te skaf. Só is die Swellendam Republiek ná vier »

Swellendam
Ons vierde oudste dorp

en 'n half maande vreedsaam ontbind. Onder die Britte het Swellendam in 'n welvarende dorp van handel en nywerheid ontwikkel.

Museum
Die Drosdy-museumkompleks beeld die geskiedenis uit van die verandering van die VOC-buitepos tot die welvarende dorp onder Britse koloniale bestuur.

Kerk
Die pragtige NG Kerk is 'n unieke voorbeeld van 'n kombinasie van Gotiese, Renaissance, Barok en Kaaps-Hollandse argitektuur.

Natuurreservaat
Die Swellendam-distrik bevat vier natuurreservate: Marloth, Sanbona, De Hoop en Bontebok Nasionale Park. Die distrik is 'n botanis se droom met 'n oorvloed wilde blomme en fynbos. Die 250-hektaar inheemse bos by Grootvadersbosch is net so luisterryk as die Knysna Bos.

Daar is 200 voëlspesies in die gebied, insluitend die kroonarend, witkruisarend en Knysna-loerie. Die wildlewe sluit in: Kaapse bergkwagga, bontebok, bosbok, klipspringer, vaalribbok, Kaapse grysbokkie, bobbejane, muishond, musseljaatkat en die luiperd.

Staproetes en rivieraktiwiteite
Daar is talle staproetes in die Langeberg. Die Breederivier is een van die min bevaarbare riviere in die land en is gewild vir riviersport en vlotry.

Suurbraak
Suurbraak is 'n sonderlinge sendingstasie wat in 1812 aan die voet van die Tradouwpas deur die London Missionary Society gestig is.

Weer 'n republiek
In Junie 2011 het die Swellendam-munisipaliteit hulself weer eens as 'n republiek verklaar.

DR PETER HAMMOND *is 'n sendeling outeur en historikus. Skakel 021 6889 4480;* mission@frontline.org.za*;* www.ReformationSA.org